Gereformeerde Kerk Benoni

Polsslag

22 Maart 2020

Rom 12:2

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE

Beide eredienste word lewendig uitgesaai deur facebook op onderstaande tye.

Volg die eredienste op ons Facebook bladsy deur op die facebook ikoon op die Gereformeerde Kerk Benoni se webbladsy te kliek.

Uitsendings sal so stiptelik moonlik begin.

www.gkbenoni.co.za

UITSAAITYE: 09:00 & 17:00

Skriflesing: Jesaja 40:12 - 41
Fokusverse: Jesaja 40: 12 - 27
Wyke fokus: Leer God die Vader ken!
Tema: 'Het jy dan nie gehoor nie?'

Gedeelde vreugde is dubbele vreugde;
Gedeelde hartseer is halwe hartseer.
Deel met ons jou vreugdes, hartseer en pyn.

Ons dra almal wat siek is voortdurend op in gebed!

LIEF-EN-LEED

***Ons doen voorbidding vir die volgende lidmate*:**

- Oom Hennie Coetzer is gediagnoseer met prostaatkanker. Behandeling begin met bestraling in die komende week.
- Jaap Bekker sukkel met haar gesondheid. Dit gaan al beter, maar sy raak vinnig moeg.

Ons wil u groot asseblief vra om nie van kollektes en dankoffers te stop in hierdie tyd nie. Gaan kyk asb by https://www.snapscan.co.za/ wat nodig is om van snapscan gebruik te maak.
Die prentjies wat gescan moet word verskyn hieronder, asook op ons webblad.
Dankoffers kan per EFT betalings in die bankrekening hieronder gemaak word.
Onthou asb. Om jou NAAM, VAN EN DOEL aan te dui met EFT's.

DANKOFFERS
GK BENONI BANKBESONDERHEDE :

BANK: ABSA
TJEK REK : 220 340 333
VERWYSING: Volle **Naam, Van & Doel**

Diens van Barmhartigheid

Kerklike tydskrifte

WEEKLIKSE PITKOS EN BESPREKINGSVRAE

Elke week op Maandae word daar 'n Pitkos en besprekingsvrae **per e-pos** uitgestuur.
Die Pitkos is 'n opsomming van die oggenddiens, en die besprekingsvrae kan tydens wykbyeenkomste of vir persoonlike / huisgodsdiens gebruik word.
As jy die Pitkos per e-pos weekliks wil ontvang, kliek op die skakel op die GK Benoni webblad, en vul die vormpie in, of kontak
Ronel op 081 218 3048

2020 MANNEKAMP VOORLOPIG AFGESTEL WEENS DIE COVID-19 UITBREEK.

BANKIEHERSTELPROJEK | 18 April 2020

Saterdag, 18 April word daar weer aan die bankies op die grasperk by die kerk gewerk
Ontbyt (Brunch) sal daarna geniet word.
Kontak Stefan as jy betrokke wil wees, en om inligting te verkry oor wat nodig is.

Vir verdere navrae kontak: Corne 076 366 6656 of Stefan 083 785 2713.

LESOTHO-UITREIK

Die Lesotho uitreik is onbepaald uitgestel weens die COVID-19 pandemie.
Ons hoop om volgende somer te kan gaan.
Die mense in Lesotho verstaan en sien uit na ons koms.
Die diensgroep vergader weer die 29ste Julie.
Intussen bid ons vir die mense in Lesotho.
Skenkings van fondse vir tafeltjies, stoeltjies, Bybels ens. word steeds benodig.

Kontak Lenie Venter op 083 457 8861 of
Veronica vd Wateren op 084 247 2321

GEMEENTEAKTIWITEITE EN BYEENKOMSTE

Soos julle in die verklaring van die kerkraad gelees het, is alle byeenkomste gekanseleer tot na die Paasnaweek weens die uitbreek van die COVID-19 pandemie. Die besluit sal op 7 April weer hersien word, en kommunikasie sal deurgegee word oor wat volg.

Hierdie is vir ons as Kerk en Gemeente vreemde en nuwe terrein. Om nie meer op Sondae byeen te kom nie, en om mekaar nie met die hand te mag groet nie gee my 'n hol kol op my maag.
Maar nou is die tyd om kerk te WEES, en te help waar ons kan!
Let asb daarop dat op Goeie Vrydag,10 April daar geen erediens sal wees nie, maar daar sal 'n Paasboodskap op ons facebook bladsy uitgaan.

Kontak asb die kerkkantoor of die predikant as jy nodig het om met iemand te gesels. In isolasie kan eensaamheid maklik op mens toesak.

Ds. Rynhardt Pretotius 074 944 7769
Dr. Braam Kruger (Tans op verlof)
Ina Bolt: 084 339 1136
Ronel Ritchie: 081 218 3048

SOEK DIE BYBELVERS

Verlede keer 15 Maart 2020 se antwoord: Gen 34:1
" DINA die dogter wat deur Lea vir Jakob in die wêreld gebring is, het op 'n keer gaan kuier by die dogters van die omgewing. "
Die volgende Bybellesers het korrekte antwoorde ingestuur:
Martie Gibson
Chrissie Pretorius
Klein de Kock
Jan Lubbe
Charmain Cathro
Hierdie week: Soek die Bybelvers 22 Maart 2020.
" Moses het die kleinvee van sy skoonpa Jetro, 'n priester van Midian, opgepas. Hy het die kleinvee diep in die woestyn ingejaag todat hy by ????? ??? ???? ??? ??? gekom het."
Vraag: Waar het Moses die brandende doringbos gesien?
Lees gerus Exodus en noem waar Moses die brandende doringbos gesien en noem die vers waar dit staan, en jou Naam en Van na 082 873 3173.

VERJAARSDAE 22—28 Maart

Baie geluk aan almal wat hul verjaarsdae vandag en in die komende week vier!

DATUM	NAAM	KONTAK NO.
22/03	Melanie Boshoff	071 864 2662
23/03	Hilda Jonas Ertjies van Tonder Lenie Venter	072 612 4452 082 457 8646 083 457 8861
25/03	Jomarie Nel Lourette van Dyk Renske Trollip Johann Yssel	072 859 7842 082 880 1628 073 220 7264 082 557 3901
27/03	Harry Salomons Sorika Watt	084 600 1110 083 232 5460
28/03	Mathilde Sterkenburg Johan Bonsma	082 852 3062 074 111 2371

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

Wat sou van ons geword het, as Jesus omgedraai het op die pad na Golgota? Geen Hoop, Geen Genade, Geen Liefde.
Maar omdat Hy ons so liefhet, het Hy aanhou stap...
Mag hoop, genade en liefde jou toevou, vandag en altyd.

KOLLEKTES

KOLLEKTES VAN: **15 Maart**

Diens van Barmhartigheid:	R 9 431
Emeritaatsversorging:	R 2 616
Jeugdiens:	R 212

KOLLEKTES VANDAG:
Kollekte onder die diens: Diens v Barmhartigheid
Deurkollekte: Kerklike Tydskrifte

Deurkollektes **29 Maart : Teologiese skool Bibfonds.**

PREDIKANTE:
dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
ds. Rynhardt Pretorius
☎ 074 944 7769

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 09:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136

WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za

FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za

VRA JOU VRAE:
https://goo.gl/WFtT3F